6 Februarie 2022

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Reeks: Blink! (4)
1 Korintiërs 15:1-11

wat wil jy vandag **bereik?**

God wys Homself vir skares

ons **storie:** waar is ons nou?)

Wat was die laaste geleentheid wat jy saam met 'n groot groep mense bygewoon het? Waar was dit? Ongeveer hoeveel mense was daar? Hoe sou dit anders gewees het as dit net jyself was wat daar was?

Party mense sê graag: "Wat jy glo, is jou eie saak", of "Wat jy glo, is 'n persoonlike saak." Wat dink jy?

Wat sal gebeur as God se mense saam nie omgee wat God van ons vra nie? As ons elkeen net ons eie ding doen?

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **1 Korintiërs 15:1-11** saam as 'n groep of familie. Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Kry 'n lekker groot vel papier. Elke kind kry kans om sy/haar hand op die papier af te trek. Elkeen kleur sy/haar eie handpatroon met verskillende kleure in.

Jy kan ook 'n groot vel koerantpapier gebruik, as jy bereid is om eerder verf te gebruik vir die kleure. Skryf boaan: "God praat met ons almal saam."

gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Oupa Abie jou om oor die teks te dink?

Hierdie teksgedeelte vertel ons aan hoeveel mense Jesus verskyn het. Wie is dit almal? Hoekom het Hy aan so baie mense verskyn?

Hoekom vertel die skrywer vir die mense van Korinte oor al die mense wat Jesus gesien het na sy opstanding?

As Jesus vandag uit die dood sou opstaan in jou dorp – aan wie sou hy almal verskyn het, dink jy? Hoekom?

ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

God wys Homself nie net vir een mens nie. Hy wys Homself soms vir klomp mense gelyk. Hoe wys Hy Homself vandag vir die mense van Suid-Afrika?

Wat sal gebeur as ons saam soek na die Here?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Bid dat God se kerk in Suid-Afrika saam na Hom sal soek.

Bid dat mense wat nie in Jesus glo nie, bly kan raak oor sy opstanding.